**VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA**
**Somerset-Wes**

Leraar: Ds. A. Cloete-Damons
Telefoon: (021) 939-2461
Selfoon: 084 585 2019

Kerkstraat 50, Somserset-Wes, 7130
Posbus 372, Somerset-Wes, 7130

28 Desember 2020

**PASTORALE BRIEF**

Liewe Broer, Suster in Christus

**AFSTEL VAN OUJAARSDAGDIENS: 31 DESEMBER 2020 OM 20:00**

Na gelang van ons President, MC Ramaphosa se toespraak vanaand, is ons verplig om ons Oujaarsdagdiens te kanselleer. Die diens sal opgeneem word en weereens virtueel aan u gesirkuleer word.

Ons versoek, saam met die President dat u u eie kerse sal aansteek ter herinnering aan diegene [familie en vriende] wat u aan die dood moes afstaan.

Graag doen ek, namens die Kerkraad en myself weereens 'n beroep op al ons lidmate se samewerking om hierdie pandemie die hok te slaan.
Wees veilig deur 1) 'n masker te dra, 2) handhaaf 'n veilige afstand, 3) was of ontsmet gereeld u hande, 4) as u hoë koors ontwikkel – isoleer uself onmiddellik en 5) as u sukkel met asemhaling, raadpleeg u dokter/kliniek onmiddellik.

Neem verder kennis dat die Kerkkantoor steeds oop sal wees op Maandae, Woensdae en Vrydae vanaf 08:30 tot 13:00. In die lig dat ons dus nie Dankoffer Sondag mekaar sal sien nie, kan u nou u Dankoffers by die Kerkkantoor gaan inlewer.

As ons God liefhet, het ons orde lief, want Hy is orde. Ons land en wêreld het gehoorsame, ordelike burgers nodig. God sal ons lot verander - *Jesaja 9:1-7*.

Wees veilig!

**Ds. Anne-Marie Cloete-Damons**

**WaarnemendeSkriba:**
**Marilee du Toit**
**Selfoon: 065 526 4139**

**Kassier/e:**
**Desmine Bergstedt**
**Selfoon: 063 130 8111**